### *Die genesing van die Romeinse soldate*

**105** Met hierdie antwoord was beide tevrede en Ebahl kom om My en My leerlinge vervolgens uit te nooi vir die middagete, wat hy ryklik vir ons gereedgemaak het; buiten sy familie mag geen vreemde gaste daaraan deelneem nie. Dit erger etlike fariseërs besonder, want hulle wil altyd die eerstes wees om hulle deur elkeen te laat groet en te laat eer. Hulle word wel in `n ander eetsaal baie goed versorg, maar was tog nie daarmee tevrede nie, omdat hulle gesien het dat Ebahl baie meer aandag skenk aan My as aan hulle. Na die maaltyd vra hulle dan ook aan `n dienaar of die huisheer hul geselskap miskien te oninteressant gevind het, omdat hy hulle nie aan sy tafel laat eet het nie.

[2] Maar **die dienaar** was slim en sê: "Die meester het vanweë die talle siekes baie te bespreek met die wonderdokter en wil daarom alleen met hom wees.

[3] **Die farriseërs en die skrifgeleerdes** sê: Weet jy en jou meester dan nie dat in `n huis waar ons is, alle geheime met ons gedeel moet word nie? Want ons sien toe dat julle julleself reinig as julle julleself verontreinig het, en ons genees julle ook as julle deur kwade siektes geplaag sou word.

[4] **Die dienaar** sê: Maar as u sulke heilbringers is, waarom kon u uself dan nie help nie? As hierdie Wonderverlosser uit Nasaret nie toevallig deur die wind hierheen gedryf was nie, sou u u hewige rumatiek beslis nie kwytgeraak het nie. U het dit slegs aan Sy wonderkrag te danke dat u heeltemal genees in hierdie eetsaal sit! Wie egter so iets kan doen, het tog meer reg op alle moontlike eer as u!"

[5] Na hierdie voldoende antwoord van die dienaar sê die fariseërs en skrifgeleerdes geen woord meer nie en berus hulleself, nie van harte nie, maar uit `n soort gedwonge noodsaak.

[6] Teen die aand kom uit die huise van die stad en uit haar naaste omgewing meer as honderd mense, behep met allerlei siektes, en vra My of Ek hulle gesond sal maak. En Ek gaan na buite in hul midde en maak hulle almal deur die Woord gesond.

[7] Die mense wat genees is, loof en prys almal Elohim wat die mens so `n mag gegee het, en gaan verheug en gesond na hulle huise toe.

[8] Teen die aand kom daar ook `n hoofman, wat in hierdie plek die bevel gevoer het oor die soldate, en vra My of Ek ook nie die talle siek soldate sou wou help nie.

[9] **Ek** sê aan hom: "Gaan heen, dit geskied volgens u geloof!"

[10] En die bogenoemde hoofman gaan na die laerplek en merk dat geeneen van die soldate meer iets makeer het nie. Toe kom hy weer verheug na My toe terug en wou My met goud en silwer beloon.

[11] Maar **Ek** weet dit vooraf en sê aan die hoofman: "Vriend, Ek genees niemand vir skatte van hierdie wêreld nie, maar slegs vir die skatte uit die hemele, en dit bestaan ten eerste uit `n lewende geloof en ten tweede uit `n egte onbaatsugtige liefde tot Elohim en die naaste, van watter stand hy ook al mag wees!

[12] Wees vir u ondergeskiktes lief asof dit u eie lieflike broers is, en behandel hulle nie te hard nie, dan sal u My daarmee die meeste beloon! Maar gee die goud en die silwer wat u aan My wou gegee het aan Ebahl, want sy herberg kos hom baie, en dit is goed dat hy in stand gehou word.

[13] Dit sou egter oor die algemeen goed wees as Romeine soos u, in plaas van die talle afgods-tempels, herberge vir armes sou stig, want u gode uit hout, metaal en steen is dooie beelde, deur mensehande gemaak. Ook al lê u daar jare lank op u knieë, dan sal hulle u tog nie kan help nie, omdat hulle dood is. Maar as u die talle armes, siekes, gebreklikes, kreupeles, lammes, blindes en dowes in goed ingerigte herberge versorg, en trag om aan die siekes genesing te bring, dan sal die een, ware, lewende Elohim u goeie werke aansien en u daarvoor veelvoudig seën. Maar u dooie gode sal u vir die goeie wat u doen nie seën nie en vir die kwade nie straf nie.

[14] En as u in u ryk trag om reg en orde te handhaaf, dan moet u na swaard en lans gryp! En dan doen u met wapens wat Elohim vir u sou gedoen het as u Hom sou erken en Sy gebod sou hou!"

### *Hoe die Romeinse hoofman die wêreld sien*

**106** **Die hoofman** sê: "Beste vriend, Ek erken wel dat U die waarheid praat en dat dit so sou moet wees soos wat U nou so wys en mensliewend aan my gesê het, maar die mensewêreld is `n besondere sterk stroom waarteen `n mens heel moeilik kan swem. Wie dit tog êrens probeer, word deur die magtige draaikolke verswelg. Dit kan slegs maar op klein, rustige plekke gebeur, waar die stroom nie met sy vernietigende krag kom nie. Wie hom in die middel van die stroom sou werp, is verlore!

[2] Daarom is dit vir U, beste vriend, maklik om die waarheid te praat in `n rustige plekkie waar die mense gevoelig en meelewend is en nog nie die

weelderige, verpestende asem van die groot wêreld ingeadem het nie. Maar gaan eendag na Rome toe, na Athene, na Jerusalem, en as U geen volkome Elohim is nie, dan sal U maar al te gou die hele skerpte van die swaard van die magtiges van die aarde te proeë kry, net soos Johannes van Betabara, wat die magtige Herodes in die gevangenis laat onthoof het.

[3] Kyk, hierdie Johannes was tog regtig wel `n man baie ver verwyderd van elke wêreldse verdienste, met die grootste moontlike selfverloëning wat aan die mense met meeslepende oortuigingskrag die onverbloemde waarheid in die gesig vertel het. En duisende het die goddelike gees deurgloeide leer aangeneem, doen uit vrye wil boete en bekeer hulle tot die goeie. Maar toe hy `n paar maande gelede Bethabara verlaat, soos wat mense my vertel, en aan die groot Jordaan in die buurt van Jerusalem begin te predik en te doop, het dit maar `n paar dae geduur - en die geregsdienaars van Herodes pak hom en werp hom in die gevangenis. Daar mag toe slegs `n paar welgestelde leerlinge teen betaling van `n sekere bedrag hom etlike kere besoek, voordat hy onthoof was, wat mense my `n paar dae gelede meegedeel het. Natuurlik kan sy leerlinge sy leer nou wel in die geheim aan hul bekendes en verwante oorvertel, en hulle weer aan hul kinders, maar `n groot vraag is of sy leer na `n paar honderd jaar nog so bewaar sal wees soos wat dit uit sy mond gekom het!

[4] Ons Romeinse godsdiens het sekerlik presies dieselfde oorsprong as dié van die Judeërs; hy baseer hom ook op slegs één oerwese, waaraan alle gode sonder uitsondering ondergeskik is! Die mites het hierdie wese verskeie name gegee; die Grieke noem dit nog die onbekende god van die gode, die Romeine noem dit die noodlot, waaraan elke ander mag onderdanig is.

[5] Kyk na die hedendaagse godsdiens van die Grieke en die Romeine, en dan vind `n mens, as denkende mens, niks anders as baie onbenullige, niksseggende fabels en sprokies nie, af en toe uit alle hoeke van die menslike deugde, maar meestal tog uit die menslike hartstogte, swakhede en ondeugde byeen versamel; en dit word aan die mense as godsdiens deur vuur en swaard opgedring! Verander dit maar eers, as dat moontlik is! Van my kant af sal in elk geval niks in U weg gelê word nie!

[6] Die mooiste voorbeeld sien mens egter by U Mosaïese godsdiens! Lees Moses en kyk daarna na die tempel, en sê my of daar nog wel iets aanwesig is van die ou wysheidsleer! Elohim Sélf moes in die woestyn aan die Rooi See vanaf Sinai, onder bliksem en donder aan die bewende volk Sy waarlik heilsame voorskrifte op kliptafels gegee het, en die ou verbond tussen Hom en Sy volk bevestig het. Die wat dit durf gewaag het om afvallig te word, was oombliklik gestraf met allerlei kwale en selfs met die dood! Maar waar was dit goed vir almal ? Vra maar eers na die afgryslike misteries van die tempel en hulle sal u die voor die hand liggende bewyse lewer van hul verganklikheid!

[7] Waar is die wonderbare Ark van die Verbond, waaroor Elohim sweef in die vorm van `n suil van vlamme? Ja, `n naftaleenvlam kan mens te siene kry as mens `n Romein is en die tempel daarvoor heelwat goud en silwer offer, maar van die wonderbare Ark van die Verbond is geen spoor meer te vinde nie!

[8] Daarom is daar na my beskeie mening met elke godsdiens en elke openbaring niks gedoen nie. Die ontstaan mag nog suiwer gewees het, in die hande van die mense tree maar al te gou soveel vervorming in dat die vergelyking met die oorspronklike net so groot is as die van `n honderdjarige grysaard met die uiterlike wat hy as pasgebore kind gehad het! Die tyd en die talle hartstogte en nood van die mense verander die suiwerste in die onsuiwerste, en as groot, onoorwonne getuie van die waarheid staan daar die geskiedenis van alle tye en alle volke voor ons, wat niemand kan teenspreek nie!

[9] Ten slotte, vriend: hoewel ek my nooit so ver sou wou oorskat dat ek my sou verbeel om in staat te wees om U `n les te gee nie, het ek tog êrens - afgesien van U ontsaglike kennis van die geheime kragte van die natuur - iets van die mensekennis verstaan. Daarom raai ek U aan, soos iemand, wat net soos U `n mensevriend is, om die groot plek, waar die mensdom grondig verdorwe is, meer as die ergste pes te vermy, anders sal die aardbodem nie lank meer deur U heilbrengende voete betree word nie!

[10] Vertrou die fariseërs en skrifgeleerdes van u eie godsdiens nie, en gaan so min moontlik na die streke waaroor Herodes sy leenheerskap uitoefen, dan sal U die arme mensdom nog lank goed kan aandoen. Ag Uself egter daarbo verhewe, dan sal U, jammer genoeg, maar al te gou die bittere lot van Johannes deel! Want ek is in die geleentheid om in die basis te sien hoe onbeskryflik sleg die mense van die eintlike wêreld nou is! As die regering van Rome vandag die swaard uit die hand haal en die drukkende wette ophef, sal U die volgende dag die mense onder elkeen nog erger sien huishou as `n groot groep tiers, bere, wolwe en hiënas. Die manne word duiwels en die vroue furies (vroulike drake)!"